Kobus Bester | Breed Director
+27 83 303 4422
kobus@simbra.org

**Notule van die Telersvergadering, te Afridome, Parys en per Zoom op 03 September 2024, om 14:00.**

1. Opening en Verwelkoming.

Die voorsitter van die vergadering was Mnr. Tito Vorster, President van die Simbra Bees Telers' Genootskap van Suidelike Afrika.

Mnr. Thys Meyer het dit vergadering geopen met gebed.

2. Konstituering en Bywoningsregister.

**<u>Teenwoordig:</u>**

Tito Vorster (President), Kobus Bester (Rasdirekteur), Rayhaan Hoosain, Yvonne Winkelman, Carl Rautenbach, Richard Venema, Ewald Schulenburg, Jandré Joubert, Chris Richter, Hendrik Grobbelaar, André van Wyk, Marius Potgieter, Eugene Marais, Fanie Maré, Jaco Maré, Mev. Desiré Vorster, Anina Bester, Thys Meyer, Willie Lubbe, James Prinsloo, Janco Prinsloo, Dr. Obakeng Mfikwe, Amanda Lessing, Jody Young-Grant, Charné Visser

**<u>Zoom:</u>**

Janco Vermeulen, Maraldi Steenkamp, Hennie Viljoen, Arne Grobbelaar, Bianca Venema, Tukkie Fourie, Sigi Heimstadt, Bles de Klerk, Juan Scheepers, Pieto Louw, Ekki, Bayer, Leon Becker, Isreal Mogale, Frik van Rooyen, Dagmar, Danie, Gerrit Viljoen, Christiaan Bouwer, M Heimstadt, Errie, Q60., Neil Pretorius

3. Eerbetoning aan afgestorwe lede.

Hanré Bester

4. Verskonings ontvang vir afwesigheid

Diethelm Metzger, Reynier Rautenbach, Llewelyn Angus, Jeanette van Niekerk, Frik van Rooyen, Andrew Brink

5. Goedkeuring van die vorige vergadering se notule - 7 September 2023.

Notule van die vergadering is aan die telers gesirkuleer, Mnr. Tito Vorster het die goedkeuring van hierdie notule versoek.

**Voorstel:** Mnr. Jaco Maré
**Sekondant:** Mnr. Willie Lubbe

6. Finansiële verslagdoening (Mnr. Kobus Bester)

In ooreenstemming met die Simbra Grondwet is die finansiële posisie bespreek. Die finansiële posisie van die Genootskap soos op 31 Augustus 2024 (Bylaag 1):

a. Debiteure en ledegelde ontvangbaar.
   - Kontant voorhande – R5 031 490.68
   - Rekeninge betaalbaar (kostes aan LRF en ABRI) - R220 663.00
   - Debiteure – R366 466.79 uitstaande, waarvan R328 390.83 ouer as 120 dae. Die raad het besluit dat almal wie se uitstaande gelde ouer as 120 dae is, op staakdienste geplaas gaan word tot betaling ontvang is.

b. Begroting 2025.
   - **Inkomste** – R3 298 006.28 (Werklik - 2023), R3 428 567.90 (Verwag - 2024), R3 545 340.63 (Begroot - 2025)
   - **Uitgawes** – R2 830 874.60 (Werklik - 2023), R3 272 682.85 (Verwag - 2024), R3 487 209.12 (Begroot - 2025)
     - Daar is vanjaar R218 595.00 meer uitgawes as gevolg van BGP2 wat afgeskop het.

c. Ras Uitbreiding – Lede
   - Klub pakette
     - Bemarking was in 2023 vir R30 000 begroot, maar ‘n nuwe, hoër gehalte, handelsmerk pakket van +/-R110 000.00 is voorgestel, wat reeds ingesluit is in die begroting vir 2024.
     - ‘n Stel bemarking material sal beskikbaar wees aan elke klub, inruil vir ‘n sinvolle beesinligtingsdag wat geborg is deur Simbra.
     - Ondersteuning vanaf kantoor is beskikbaar vir klubs inverwant met die beesinligtingsdae
       - Rasdirekteur en dames in kantoor met diereweetenskap agtergrond is beskikbaar.
       - Finansiele onderstening is beskikbaar vir waardevolle, sinvolle voorstelle en planne, verwante aan boere/inligtingsdae.
     - Aansporing vir werwing van nuwe lede is in die pyplyn.
     - KI Projek subsidie was voorgestel deur die raad.
       - Befondsing sal aanvanklik van die Genootskap af kom.
       - Toekomstige besprekings sal gehou word om te bepaal hoe bulle wat uit die projek gebore is, gebruik kan word om terug te voeg tot die Genootskap.
       - Lede is versoek om die projek in klubverwant te bespreek en terugvoer te lewer aan die raad.
     - R1 000 000.00 van kapitaalfonds was verlede jaar goedgekeur vir die raad om te gebruik soos hulle goeddink. Die bogenoemde ras uitbruiding veldtog pas by die R1 000 000.00 plan in.
     - Mnr. Kobus Bester versoek graag terugvoer vanaf lede en in klubverwant oor hoe die projekte aangepak moet word.

Mnr. Fanie Maré het ‘n vraag gehad oor hoe die “admin, boekhou en audit“ fooi opgemaak is. Mnr. Tito Vorster het verduidelik dat die Genootskap ‘n persoon aanstel om al die finansiële administrasie, BTW, en betaling van lenings te hanteer. Die persoon word ‘n maandlikse salaris betaal. Die genootskap se finansiële state word ook jaarlikse hersien, die fooi daarvan sluit ook by die berekening in.

Mnr. Kobus Bester en Mnr. Tito Vorster het die goedkeuring van die 2025 begroting, met ‘n 6% verhoging, versoek.

**Voorstel:** Mnr. Fanie Maré
**Sekondant:** Mnr. Marius Potgieter

7. BGP2 en Daarna (Mnr. Thys Meyer)

Mnr. Thys Meyer het terugvoer gelewer op drie onderwerpe; BGP2, wat gebeur na BGP2, en die KyD inisiatief.

<u>BGP2</u>

BGP2 subsidier drie verskillende waardekettings:

- SNP Genotipering
  - Betrokke genetici het voorgestel dat ras-genootskappe van een SNP array gebruik maak om data-verlies te verhoed wat waarskynlik sou plaasvind met die gebruik van meer as een SNP array binne in ‘n ras. Die Neogen SNP array was gekies vir die Simbra Genootskap.
  - Die subsidie bedrag is R420, indien vereistes aan voldoen word.
    - Enige stoetvaar mag deelneem, hierdie is nie ‘n spesiale projek apart van dag-tot-dag kantoor data nie.

        - Indien die teiken bedrae van die Simbra ras nie bereik word nie, sal enige ander dier (vroulike diere en jong bulle) ook kan deelneem.
        - Indien daar ‘n surplus is, sal die kantoor die krag he om die diere te kies wat die grootste bydrae sal lewer tot die verwysingspopulasie van die Simbra ras - gegrond op die beskikbare, ontlede data op rekord vir daardie diere.
- NFI Toetse
    - Die subsidie bedrag is R2400 per dier.
    - Die reëls verbonde aan die NFI toets subsidie is dat deelneemende diere in relevante kontemporêre groepe is, waar die minimum groep-groote 5 diere is, en waar ‘n minimum van 2 vaars verteenwoordig is.
- Karkaskwaliteits metings
    - Subsidie bedrag sal nog bevestig word.
    - Diere in kontemporêre groepe wat saam gevoer word in groei toetse tot die punt van slaggeredheid, kom in aanmerking vir hierdie subsidie. Minimum van 5 diere in die kontemporêre groep.
    - Die kantoor sal die karkasdata insamel en die insameling van MEQ kamera data sal uitgekontrakteer word.
- BGP2 neem plek oor ‘n drie jaar periode. Die eerste jaar van die projek is tans aan die gang; die jaar strek van 1 April 2024 tot 31 Maart 2025. Daar is ‘n “gebruik dit of verloor dit” reël in effek. Daarom as ‘n genootskap nie hul toegekende fondse vir ‘n jaar gebruik het of kan bewys dat dit in die proses van gebruik word is voor 31 Desember 2024 nie, sal hulle die fondse verloor. Die geld sal aan 'n ander rasgenootskap toegeken word wat dit kan gebruik.
    - ‘n Besluit sal geneem moet word op die status van Simbra se fondse teen mid-Desember 2024.

<u>KyD Inisiatief</u>

- Die doel van KyD is om die voorheen benadelde boer deel te maak van die waardeketting op ‘n nasionale vlak.
    - Lede kan die kontakbesonderhede van voorheen benadelde personne wat Simbra diere by veilings koop, aan die kantoor stuur. Die kantoor sal verdere stappe neem in die registrasie van hierdie persone as KyD lede.
- Dit is die lid se verantwoordlikheid om haarmonsters vir SNP genotipering te kry van bulle en hul nageslag wat gekoop word deur KyD lede. Die haarmonsters word dan na die kantoor toe gestuur, waar die SNP genotiperings proses verder aangaan. BGP2 SNP genotipering van diere in die KyD stelsel word tenvolle gesubsidieer.
- Daar is ‘n jaarlikse teiken van 396 KyD SNP genotipering toetse.

<u>Wat gebeur na BGP2</u>

TIA befonds rasgenootskappe op die voorwaarde dat die befondsing gebruik sal word om waarde toe te voeg tot die industrie. Daar sluit in die bydrae van navorsing in die rigting van metaangas vermindering in die Suid Afrikaanse bees bedryf.

8. Ras statistieke (Mnr. Kobus Bester)

Mnr. Kobus Bester het die afgelope jaar se ras statistieke met die lede bespreek. Hy het uitgelig dat die aantal Suid-Afrikaanse finansiële lede met 3 afgeneem het in vergelyking met 2023, en die aantal finansiële Namibiese lede het met 2 toegeneem. Verder het die aantal aktiewe geregistreerde vroulike diere met 101 toegeneem in vergelyking met 2023 en die aantal aktiewe geregistreerde bulle het met 77 afgeneem. Die aantal aktiewe kalfboek vroulike diere het met 347 toegeneem in vergelyking met 2023 en die aantal aktiewe kalfboek bulle het met 64 afgeneem.

Mnr. Bester het ook prestasierekords bespreek, insluitend proporsies van lede se "volledigheid van prestasie", die aantal lede wat data tussen Januarie en Junie 2024 ingedien het, asook die aantal diereprestasierekords wat in daardie tyd opgeneem is.

Mnr. Kobus Bester se voorlegging kan in Bylaag 2 gevind word.

9. Teler deelname by Simbra geleenthede (Mnr. Fanie Maré)

Mnr. Fanie Maré het:

- ‘n beroep op lede gedoen om veilingdeelname te verhoog, veral by Simbra nasionale veilings,
- versoek dat ‘n Simbra teenwoordigheid by Nampo en Nampo ALFA oorweeg word, om die teenwoordigheid van die ras in die vleisbees bedryf te versterk en,
- versoek dat lede die moeite doen om ‘n goeie fotograaf te kry om goeie gehalte fotos van hul beeste te neem, wanneer die beeste in goeie kondisie is.

Verder het hy genoem dat die Frontier Simbra klub nie beperk is tot ‘n streek of provinsie nie, maar is oop vir enige person wat nie alreeds deel van ‘n klub is nie. Hy het mense aangemoedig om aan te sluit.

10. Rasstandaarde (Mnr. Kobus Bester)
    a. Veilingsreëls:
        - Daar was ‘n navraag oor wanneer die ideale tyd is voor ‘n veiling om ‘n bul se vrugbaarheid te toets. In aanleiding daarvan was veearts insette aangevra en oorweeg. Die raad het daarna besluit om die volgende goed te keur: **90 dae venster voor ‘n veiling waarin ‘n bul se vrugbaarheid getoets moet word.**
            - **Waarbog 6** in die veilingsreëls is en bly van toepassing.
    b. Keurings.
        - Onafhanklike screenings word voor ‘n veiling gedoen.
        - Dit is ‘n vereiste om een keer elke twee jaar 'n opknappingskursus by te woon en goed daarin te presteer, vir 'n keurder om op die keurderspaneel te kom.
            - Die raad sal die keurderspaneel opdrag gee om ‘n nuwe voorstel vir die protokol van onafhanklike, objektiewe keurings op te stel.
        - Om vertraagde skedulering van keurings te vermy, gaan die kantoor volgende jaar vir lede kontak om uit te vind wanneer hulle keurings gedoen gaan word en met watter keurder (‘n opgedateerde keuringspaneel sal voor daardie tyd bekend gemaak word). Indien die lid nog nie ‘n keuring gereël het nie, sal die kantoor vir hulle een reël.
        - Kalfboek diere wat 24 maande en ouer is gaan gefaktureer word as geregistreerde diere.
            - Vroulike diere mag gekeur word vanaf 12 maande en ouer.
            - Manlike diere mag gekeur word vanaf 18 maande en ouer.
        - In die toekoms, wanneer bulle aangebied word vir keuring, moet hulle in ‘n neksker gevang wees so dat die bul se oortattoeering nagegaan word en hulle sal gekeur word op eenvolgens die oortattoeer nommer. Beide oore sal bevestig word. Bulle sonder ‘n oortattoe sal nie gekeur word nie.
            - ‘n 10de van alle vroulike diere sal in ‘n neksker gekontrolleer word.
        - Diere se kloue moet asseblief sigbaar wees tydens keuring om klou probleme in kuddes te voorkom.
        - Bulle wat goedgekeur is moet die S-brand op hul linkerskouer dra.
        - Daar was ‘n lidgedrewe versoek om nie substandaarde diere of goeie diere in substandaarde fotos op sosiale media te bemark nie. Dit doen nie die ras of die onderskeie kudde goed nie.

11. Klub/lede terugvoer (Mnr. Tukkie Fourie; Oos-Kaap Klub)

Mnr. Tukkie Fourie het verskeie komponente aangespreek wat hy glo 'n integrale deel van 'n klub se sukses is*:*

- Passie vir die ras en die werk
- Passie vir mense
- Onversadigbare honger na kennis
- Gewilligheid en nederigheid om by ander te leer
- Oopkop
- Goeie klubstruktuur
- Bereidwilligheid om klubgeleenthede, vergaderings, “farm walks“ en beesbesprekings te beplan
- Groepinspeksies wat as onderrig- en leergeleenthede gebruik word
- Lede-inisiatief
- Stel groeidoelwitte op asook ‘n plan vir hoe daardie doelwitte bereik gaan word.

12. Sake bygevoeg vir bespreking.

Ter wille van tyd, was die besluit geneem om die bykomende punte gelys in die agenda, in 'n “Uur met die BD”-sessie te bespreek.

Die vloer was toe oopgemaak vir vrae en/of kommentaar.

Mnr. Janco Prinsloo het voortgebou op Mnr. Fanie Maré se opmerkings oor lededeelname, en beklemtoon die belangrikheid van ledebydrae om die ras te bou. Mnr. Prinsloo het voorgestel dat 'n individu die rol gegee word om keurings uit te voer, wat moontlik sal lei tot verbeterde ras-uniformiteit en sodoende die Simbra-ras ontwikkel.

Dr. Obakeng Mfikwe het die behoefte aan verbeterde rasstatistieke, veral veilingsverwante statistieke, uitgespreek om alle belanghebbendes in die Simbra-waardeketting te help met rasverbetering en groei.

Mnr. Tito Vorster het die integrale behoefte beklemtoon om sukkelende lede te help om sukses te behaal en hoe sulke bystand deur klubs verleen kan word. Klubs maak ook voorsiening vir groter impak van die Simbra-voetspoor op ‘n nasionale vlak.

13. Bedankings

Mnr. Tito Vorster het die aanwesiges, beide aanlyn en persoonlik bedank, asook almal wat bygedra het tot die vergadering. Dankbaarheid is ook betuig aan Mnr. Thys Meyer vir sy bydraes tot BGP2; Mnr. Gerrit Viljoen en Mnr. Emile Groenewald vir hul bydraes tot bemarkingspogings; en aan alle ander individue wat bygedra het om 'n teenwoordigheid van die Simbra-ras in die bedryf te vestig.

14. Afsluiting

Mnr. Kobus Bester het die vergadering afgesluit.

**Appendix 1**

# Finansiële verslagdoening / Financial reporting

01

Financial position

02

Debiteure

03

Budget 2025 Begroting

## Finansiële posisie – 31 Augustus 2025

**Kontant voorhande – R 5 031 490.68**
**Accounts payable – R220 663**

**Debiteure - R 366 466.79 Ouer as 120 dae R 328 390.83**

SIMBRA

# Begroting - Inkomste

| | | 6% | |
|---|---|---|---|
| **Simbra Genootskap - Inkomste** | **Verwag** | **Begroot** | **Werklik** |
| | **2024** | **2025** | **2023** |
| Simbra RSA Bemarking / Marketing | R 62,777.44 | R 66,544.09 | R 58,385.10 |
| LEDEGELDE - 1 | R 344,028.82 | R 364,670.55 | R 336,050.16 |
| SUBSKRIPSIE HEFFING - 1 | R 2,235,406.93 | R 2,369,531.35 | R 2,057,265.69 |
| Laat registrasie en herinstellings | R 160,000.00 | R 169,600.00 | R 203,845.28 |
| Opleiding / Kursusse - 6 | R 6,000.00 | R 6,360.00 | R 26,179.13 |
| LRF - 7 | R 191,326.62 | R 202,806.22 | R 179,205.15 |
| DNS / Genotipering | R 41,864.00 | R 44,375.84 | R 16,054.00 |
| VEILING INKOMSTES - 4 | R 45,082.00 | R 47,786.92 | R 222,001.49 |
| Klerasie & Promosie Materiaal Verkope -3 | | | R 21,648.28 |
| Rente inkomste | R 342,082.09 | R 273,665.67 | R 177,372.00 |
| | | | |
| | **R 3,428,567.90** | **R 3,545,340.63** | **R 3,298,006.28** |

# Begroting - Uitgawes

| | **Verwag** | **Begroot** | **Werklik** |
|---|---|---|---|
| **Simbra - Uitgawes** | **2024** | **2025** | **2023** |
| ABRI LRF & LNR DIENSTE - A | R 453,326.00 | R 480,525.56 | R 573,811.00 |
| Admin, boekhou en ouditfooie | R 110,000.00 | R 116,600.00 | R 106,333.00 |
| SLEGTE SKULDE - C | R 79,698.15 | R 84,480.04 | R 61,183.00 |
| Bankkoste - D | R 5,145.60 | R 5,454.34 | R 3,445.60 |
| RAS VERBETERINGS DIENSTE - E (Opleiding, MIP & SNP's | R 671,960.98 | R 712,278.64 | R 560,995.00 |
| Stoetvaar genotipering | R 52,000.00 | R 55,120.00 | |
| BGP2 - Deelname | R 55,225.00 | R 58,538.50 | |
| BGP2 - Genotipering (99xNFI & 70xKarkasdiere) | R 72,670.00 | R 77,030.20 | |
| Karkastoetse | R 38,700.00 | R 41,022.00 | |
| REKENAARS EN PROGRAMMATUUR - F | R 42,133.64 | R 44,661.66 | R 33,670.00 |
| Kantooruitgawes, drukwerk en skryfbehoeftes - H | R 12,000.00 | R 12,720.00 | R 4,041.00 |
| PERSONEEL VERGOEDING - J | R 908,265.00 | R 980,926.20 | R 686,575.00 |
| Raspromosie | R 508,890.22 | R 539,423.63 | R 563,326.00 |
| POSGELD KOERIER TELEFOON & DATA | R 14,078.26 | R 14,922.96 | R 8,905.00 |
| REIS,VERBLYF & VERGADERINGS - M | R 248,590.00 | R 263,505.40 | R 228,590.00 |
| | **R 3,272,682.85** | **R 3,487,209.12** | **R 2,830,874.60** |
| Surplus | **R 155,885.05** | **R 58,131.51** | **R 467,131.68** |

# Begroting - Uitgawes

| **Simbra - Uitgawes** | **Verwag** <br> **2024** | **Begroot** <br> **2025** | **Werklik** <br> **2023** |
|---|---|---|---|
| ABRI LRF & LNR DIENSTE - A | R 453,326.00 | R 480,525.56 | R 573,811.00 |
| Admin, boekhou en ouditfooie | R 110,000.00 | R 116,600.00 | R 106,333.00 |
| SLEGTE SKULDE - C | R 79,698.15 | R 84,480.04 | R 61,183.00 |
| Bankkoste - D | R 5,145.60 | R 5,454.34 | R 3,445.60 |
| RAS VERBETERINGS DIENSTE - E (Opleiding, MIP & SNP's) | R 671,960.98 | R 712,278.64 | R 560,995.00 |
| Stoetvaar genotipering | R 52,000.00 | R 55,120.00 | |
| BGP2 - Deelname | R 55,225.00 | R 58,538.50 | |
| BGP2 - Genotipering (99xNFI & 70xKarkasdiere) | R 72,670.00 | R 77,030.20 | |
| Karkastoetse | R 38,700.00 | R 41,022.00 | |

# Begroting - Uitgawes

| **Simbra - Uitgawes** | **Verwag** <br> **2024** | **Begroot** <br> **2025** | **Werklik** <br> **2023** |
|---|---|---|---|
| REKENAARS EN PROGRAMMATUUR - F | R 42,133.64 | R 44,661.66 | R 33,670.00 |
| Kantooruitgawes, drukwerk en skryfbehoeftes - H | R 12,000.00 | R 12,720.00 | R 4,041.00 |
| PERSONEEL VERGOEDING - J | R 908,265.00 | R 980,926.20 | R 686,575.00 |
| Raspromosie | R 508,890.22 | R 539,423.63 | R 563,326.00 |
| POSGELD KOERIER TELEFOON & DATA | R 14,078.26 | R 14,922.96 | R 8,905.00 |
| REIS,VERBLYF & VERGADERINGS - M | R 248,590.00 | R 263,505.40 | R 228,590.00 |
| | **R 3,272,682.85** | **R 3,487,209.12** | **R 2,830,874.60** |
| Surplus | **R 155,885.05** | **R 58,131.51** | **R 467,131.68** |

## Ras uitbreiding - Lede

Klub pakette – afwyking in begroting

- Branind package +/- R110 000 ( Begroot R30 000)
- Ondersteuning vanaf kantoor
  - Rasdirekteur en dierwetenskaplikes beskikbaar
  - Finansiële ondersteuning
    - Klub voorstelle
- In ruil vir boeredae
- Aansporing vir werwing van nuwe lede
- KI projek subsidie

- R 1 000 000 van kapitaalfonds laas jaar goedgekeur.
- Soek terugvoer vanaf klubs oor hoe ons dit gaan hanteer asb.

**Appendix 2**

# Breed statistieke
# Ras statistieke

01

Member numbers

02

Animal numbers

03

Completeness of performance

04

Performance records


05

BGP2


# Member numbers


- Total number of financial members as of June 2024 – 139 (2023 – 142)
- Total number of Namibian financial members as of June 2024 – 31 (2023 – 29)

Number of financial members as of June 2024





## Active animal numbers





# Completeness of performance




# Performance records



# Performance records




# BGP2

### SNP Genotyping

- R420.00 per SNP genotype
- All sires of calves born from 1 Sept 2022
  - Register at least one calf born from 1 Sept 2022 from the sire
  - DTC data for the calf's dam must be submitted
- Animals with comprehensive phenotypic data

### Net Feed Intake

- R2400.00 per animal
- Min 5 animals in a group
  - Recommended 6
- Same sex
- 210-700 days of age at the start of the test, **after adaptation**
- Born within 60 days of each other
- Same contemporary group and 200d weight on record with the same observation date
- Minimum 2 sires represented


### Carcass data

- Subsidy amount TBC
- Min 5 animals in a group
- Same sex
- 210-700 days of age at slaughter
- Born within 60 days of each other
- Same contemporary group and 200d weight on record with the same observation date
- Min 2 sires represented
- Min 2 progeny per sire
- **MEQ and physical carcass data collection**

# BGP2 targets

| | SNP Genotypes | KyD Genotypes | NFI | Carcass data |
|---|---|---|---|---|
| 2024Q2 | 110 | 99 | | |
| 2024Q3 | 110 | 99 | 99 | |
| 2024Q4 | 110 | 99 | | 44 |
| 2025Q1 | 110 | 99 | | |
| **TOTAL Year 4** | **440** | **396** | **99** | **44** |
| 2025Q2 | 115 | 99 | | |
| 2025Q3 | 115 | 99 | 97 | |
| 2025Q4 | 115 | 99 | | 43 |
| 2026Q1 | 115 | 99 | | |
| **TOTAL Year 5** | **460** | **396** | **97** | **43** |
| 2026Q2 | 120 | 99 | | |
| 2026Q3 | 120 | 99 | 96 | |
| 2026Q4 | 120 | 99 | | 42 |
| 2027Q1 | 120 | 99 | | |
| **TOTAL Year 6** | **480** | **396** | **96** | **42** |
| **Total BGP2** | **1380** | **1188** | **292** | **129** |

# Current performance versus first performance measurement (2024Q4)




* Dependent on final submission of samples and outcome

# THANK YOU